

JOSEF veroordeel nie sy broers nie, en bly by die KEUSE wat hy vir vergifnis gemaak het.

Hoekom? Omdat Josef *ANDERS* na die verlede kyk as sy broers.

Die broers kyk na wat hulle self gedoen het in die verlede en heel gepas is hulle bang. Josef kyk egter na die **groter prentjie – dít wat God reg gekry het deur die presiese gang van die verlede, die kwaad ingesluit.** En **Josef kyk na die droom wat God hom in sy jeug gegee het,** en hy hou dít in gedagte, nie die skuld van sy broers nie óf sy verlore jeug nie.

En wat Josef raaksien, is dat ***MET GOD, DIE SLEGSTE GOED NOOIT DIE LAASTE GOED IS NIE!***

- **God kan altyd nóg iets doen, as dinge lyk asof dit uit mekaar val.**
- **Die slegste goed is nooit die laaste goed nie.**
- **En dié GOD KAN DIE KWADE GOED DINK (Noordmans).**
- **Sy hand word juis in die donkerste tye sigbaar.**
- **Selfs mense se bose planne verlam nie God se planne nie.**
- **Mense beplan, maar die laaste woord kom van die Here af**
- **Bose planne dwarsboom nie God se planne nie, menigmaal bevorder dit juis wat Hy wil doen!**

Maar Josef kyk nie net anders na die verlede as sy broers nie. **Hy VERBIND hom aan die goeie wat God beplan – dit is waarvoor hy kyk en dit is waarvoor hy lewe.**

- Daarom verklaar hy dat hy sal sorg dat daar kos vir sy broers se kinders is.
- Josef aanvaar dus verantwoordelikheid om deel van God se goeie plan vir die toekoms te wees.
- So, sê Gibson, word 'n verhaal wat met haat begin het, afgesluit met haat wat deur liefde oorwin word.
- Uiteindelik word 'n familie wat deur haat uitmekaar geskeur is, weer in harmonie met mekaar gebring.

Wat leer dit vir ons?

- Dat ons ook kan verwag om God se hand in die donkerte van ons eie familie stories te sien.
- Dat ons ook kan verwag dat dié God die kwade goed kan dink!
- Dat die slegste goed nooit die laaste goed is nie – daar is altyd weer hoop, nie die hoop op haat soos die broers gevrees het nie, maar die hoop op die liefde.
- En dat ons ons kan verbind aan die goeie wat God beplan – die droom van God om die goeie uit die kwaad te voorskyn te bring.